



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

DRAMATIESE KUNSTE

NOVEMBER 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE DRAMATEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.
2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor jy met die skryf van die eksamen begin.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:
 - VRAAG 1: Epiese teater (*Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage of Kanna Hy Kô Hystoe*)
 - VRAAG 2: Teater van die Absurde (*Afspraak met Godot, Die Kaalkop Prima Donna of Bagasie*)

Beantwoord SLEGS EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:
 - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
 - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
 - VRAAG 5 (*Woza Albert!*)
 - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
 - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
 - VRAAG 8 (*Groundswell*)
 - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
 - VRAAG 10 (*Mis*)

Beantwoord SLEGS TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. In VRAAG 13 is daar 'n keuse tussen drie vrae (VRAE 13.1, 13.2 of 13.3).
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Let op na die aantal punte wat aan elke vraag toegeken is om die lengte van jou antwoorde te bepaal.
9. Gebruik jou klaskamer kennis, sowel as onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord EEN vraag, VRAAG 1: EPIESE TEATER of VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

VRAAG 1: EPIESE TEATER

BEANTWOORD HIERDIE VRAAG INDIEN JY *KAUKASIESE KRYTSIRKEL* OF *MOEDER COURAGE* OF *KANNA HY KÔ HYSTOE* BESTUDEER HET.

1.1 Die gedig en die illustrasie hieronder toon die tegnieke wat deur Brecht in sy Epiese teater gebruik is.


... En asseblief maak

My gordyn die halwe hoogte – moenie die verhoog toemaak nie.

Soos die gehoor agteroor leun,

Laat hulle die besige voorbereidings sien wat so vindingryk (slim) vir hulle gemaak is ...

[Bron: *Brecht* (vry vertaal deur Willet et al.)]



[Bron: *Opvoertegnieke van die Epiese Teater*]

Verduidelik die konvensies van Epiese teater in 'n opstel deur beide die prent en die gedig hierbo te bestudeer. Verduidelik hoe die konvensies in die drama wat jy bestudeer het, gebruik is om die gehoor van die handeling op die verhoog te distansieer (vervreem).

Die volgende moet in jou opstel bespreek word:

- Vervreemding (Verfremdungseffekt)
- Historifikasie
- Epiese konvensies

(Jou opstel moet ongeveer 200 – 250 woorde lank wees.)

(20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|----------------------------|---------|---|
| 1.2.1 | Realisme | A | dui die toneel (scene), tyd en ruimte aan |
| 1.2.2 | Episodes | B | middele wat gebruik word om die gehoor daaraan te herinner dat hulle na 'n opvoering kyk |
| 1.2.3 | Stel/Inkleding | C | handel oor die mens in 'n vyandige en verlate omgewing |
| 1.2.4 | Plakkate en opskrifte | D | beligtingsapparaat wat duidelik sigbaar is en waar gewone wit lig gebruik word |
| 1.2.5 | Proloog | E | houdings wat fisies of deur gedrag uitgebeeld word |
| 1.2.6 | Erwin Piscator | F | simboliese, suggererende en fragmentariese stukke is dikwels gebruik |
| 1.2.7 | Die Goeie Vrou van Setzuan | G | strewe daarna om 'n 'spieël na die werklikheid' op die verhoog uit te beeld |
| 1.2.8 | Epiese toneelspelstyl | H | 'n drama deur Bertolt Brecht geskryf |
| 1.2.9 | Gestus | I | bestaan uit 'n reeks tonele |
| 1.2.10 | Vervreemdingstegniek | J | akteurs moet hulleself nie ten volle in die karakters inleef nie |
| | | K | Marxistiese regisseur wat as die pionier van die kommunistiese politieke teater beskou word |


(20)

(10)
[30]

OF

VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* of *Die Kaalkop Prima Donna* of *Bagasie* bestudeer het.



Teater van die Absurde is dikwels sonder intrige, maar nie sonder struktuur nie. Dit beeld die hulpeloosheid en futiliteit (sinloosheid) uit van 'n wêreld sonder 'n doel.

(JL Steyn)

- 2.1 Bestudeer die aanhaling en die prent hierbo. Bespreek die dramatiese handeling (intrige) en die struktuur van die Absurde drama wat jy vanjaar bestudeer het. Brei uit oor hoe hierdie twee aspekte die temas van die drama weerspieël. Jou opstel moet ongeveer 200 – 250 woorde lank wees. (20)
- 2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1 – 2.2.10) neer.
- 2.2.1 *Master Harold ... and the Boys* is 'n bekende Absurde drama.
- 2.2.2 Samuel Beckett, Eugene Ionesco, Jean Genet en Harold Pinter word as die pioniers van die Teater van die Absurde beskou.
- 2.2.3 Die karakters van die dramas van Ionesco en Beckett is psigologies oortuigend en realisties.
- 2.2.4 Daar is 'n kombinasie van stemminge in Teater van die Absurde wat die tragiese sowel as die komiese na vore bring en so die tragi-komedie bewerkstellig.

- 2.2.5 Die karakters in die Teater van die Absurde kom gereeld in pare voor.
- 2.2.6 Die Teater van die Absurde weerspieël die siening dat die mens nie in harmonie met die heelal is nie.
- 2.2.7 Wanneer 'n Absurde drama opgevoer word, word aandag geskenk aan gedetailleerde rekwisiete en dekor om 'n ware weergawe van die werklikheid te gee.
- 2.2.8 Historifikasie is 'n belangrike tegniek van die Teater van die Absurde.
- 2.2.9 Die Absurde toneelspelstyl stem dikwels ooreen met hansworsery en die komedie van die 'music hall'.
- 2.2.10 Surrealisme en Eksistensialisme was die voorlopers van die Teater van die Absurde. (10)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Daar is agt vrae in hierdie afdeling. Beantwoord slegs TWEE vrae wat handel oor die twee dramas wat jy bestudeer het.

VRAAG 3: BOESMAN EN LENA DEUR ATHOL FUGARD

Lees die volgende uittreksel uit *Boesman en Lena* en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|----------|--|----|
| Lena: | My lewe. Daai's Lena, die ding wat jy al met die pad saamsleep, ék Lena ... daai's my lewe! Maar vandag was hy klaar. Daar op die pavement, toe jy met die empties in is. Daar gesit. Was nie net van moeg nie, nei, dis 'n ander ding wat te lank in die gebruik gewees het ... dis die ou pot wat lek, daai ou kombes wat nie eers die vlooië kon warm hou nie. Tyd om hom weg te smyt, maar as jy dit self is, jou lewe, hoe smyt jy vir hom weg ... daart' ek gesit en pyn nog, daar waar jy my geslaat het, Boesman. Twee wit kinders ook nog ... gekom staan en kyk die plekke wat ek tel ... groot ene hiesa [<i>Raak aan plek onder haar oog.</i>] | 1 |
| | Wil jy weet wat vra ek vir hulle? 'Does your mother want a girl? Go ask your mother if she wants a girl.' Dit sê ek. En dis 'n promise, ek sou gegaat het, Boesman. | 5 |
| Boesman: | En dan, jy? | |
| Lena: | Gewerk het vir die mêrrim. [<i>Boesman lag neerhalend.</i>] | 15 |
| | Lag! Twee wit kinders het ook gelag. Ja, lag vir Lena! Ou <i>hotnotmeid</i> Lena. Boesman is haar man. Vir haar geneuk oor sy die empties laat val het. Drie stukkend. Sixpence. Sixpence se pyn. | |
| Boesman: | [<i>ongermaak</i>] Maar jy moes gegaan het ... na jou wit mêrrim toe. | |
| Lena: | [<i>Dink hieroor voor sy antwoord.</i>] | 20 |
| | Sy wil my nie gehê het nie. | |
| Boesman: | [<i>Lag weer, hou dan skielik op.</i>]. Dink jy ék wil vir jou hê? | |
| Lena: | [<i>Dink hieroor voor sy antwoord.</i>] | |
| | Jy hét my, Boesman. Vanmôre ... jy't uitgekóm met die wyn, toe steek jy die bottels in jou bondel en jy sê kom en jy loop. Daar wil ek nog gesê het ... dit was in my mond om te sê, maar jy't even nie na my kant gekyk nie nie, net daai optel en loop. Toe loop ek agterna. | 25 |

[Vertaling met vergunning van DALRO]

- 3.1 Identifiseer en verduidelik DRIE temas wat in die uittreksel hierbo voorkom. (3 x 3) (9)
- 3.2 Hoekom volg Lena vir Boesman, selfs wanneer hy haar aan soveel fisiese, emosionele en verbale mishandeling onderwerp? (5)
- 3.3 Gee 'n voorbeeld ('n frase of 'n woord) uit die uittreksel wat die politieke agtergrond van die drama weerspieël. Bespreek die politieke agtergrond en die karakters in die drama kortliks. (6)
- 3.4 Watter kostuums (klere) sou jy vir Boesman en Lena kies om hulle sosio-ekonomiese status te toon? (6)
- 3.5 Noem 'n rekwisiet in die uittreksel wat die karakters se armoede voorstel en bespreek hoe hierdie rekwisiet gebruik kan word om die akteur se optrede te versterk. (2 x 2) (4)

[30]

VRAAG 4: uNOSILIMELA DEUR Credo MUTWA

- 4.1 Verduidelik waarom die verhoogaanwysings aandui dat die DRIE speelareas (area van die geeste, hoë area en die *inkundla*) as heilige plekke beskou word. (3 x 3) (9)
- 4.2 *uNosilimela* is 'n epiese drama.
Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (6)
- 4.3 Verbeel jou dat jy 'n regisseur is wat die opdrag gekry het om *uNosilimela* by 'n komende provinsiale skole-toneelfees op te voer.
Die organiseerders van die fees vereis inligting van jou. Verskaf aan hulle 'n geskrewe beskrywing van die volgende aspekte van die opvoering:
- Opvoerstyl/teaterstruktuur
 - Kostuum en stelontwerp
 - Oudisies
 - Advertensiegeleenthede vir die borge
- (12)
- 4.4 Watter voordele is daar om *uNosilimela* in 'n sirkulêre teatervorm (teater-in-die-rondte) op te voer? (3)
- [30]**

VRAAG 5: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Lees die volgende uittreksel uit 'n praatjie gelewer deur Mbongeni Ngema aan 'n groep drama-onderwysers en beantwoord dan die vrae wat volg.

"Ons het vir Mannie Manim van die Markteater gevra om aan ons 'n ruimte te voorsien sodat ons kan wys wat ons gedoen het. Veertig mense het opgedaag om na die vertoning te kyk. Barney Simon was een van die mense wat daar was. Barney het vir ses weke saam met ons gewerk om die teks van *Woza Albert!* te voltooi. Wat Barney opgewonde gemaak het, was die feit dat ons resonators ontwikkel het, ons het klanke gehad, ons het geweet hoe om ons liggame te gebruik om stories te vertel en hoe om honderde karakters voor te stel, slegs deur die gebruik van 'n pienk neus of 'n kombors of om die manier van loop of die stemgebruik te verander of om 'n uitdrukking te verander.

... Wat het jy? Jy het 'n leë ruimte, julle sit saam. Jy sê: 'Wat is die onderwerp of die tema?' 'Wat omtrent die onderwerp of tema?' 'Wat gaan ons nou verder doen?' Daar is eindelose moontlikhede ...

Ons het gewoonlik Johannesburg toe gegaan om onderhoude met mense te voer. Ons het baie materiaal versamel. Ons het net die karakters nodig gehad. Ons het gesê: 'Kom ons gaan in die strate in en voer onderhoude met die mense.' Ek onthou dat daar 'n vrou was wat pasteie uit 'n vullisdrom langs 'n restaurant opgetel het. Ons het na haar toe gegaan en op 'n baie mooi manier met haar gesels en met verloop van tyd het sy ontspan. Sy het ons vertel dat sy een keer elke twee weke in die noordelike voorstede wasgoed gaan was (sy het in Soweto gebly) en vyftig rand daarvoor kry. Sy het twee dogters. Die een is besig met matriek ... Wat sy nou doen, is om pasteie op te tel wat deur die restaurant weggegooi is sodat sy dit kan skoonmaak, huis toe kan neem en dit dan as aandete vir haar kinders kan voorsit. Hierdie was 'n goeie vrou wat werklik besorg was oor wat haar kinders daardie aand sou eet.

So, ek het haar karakter sorgvuldig bestudeer en dit was een van die karakters wat ek in die drama gebruik het."

- 5.1 Watter idee het die basis van die drama *Woza Albert!* gevorm? (2)
- 5.2 Daar is ses-en-twintig tonele in die drama en slegs twee akteurs. Hoe kry die akteurs dit reg om so 'n verskeidenheid karakters te vertolk? Verwys in jou antwoord na voorbeelde uit die uittreksel hierbo en ook die drama in geheel. (6)
- 5.3 Die uittreksel hierbo toon die manier waarop die karakter van Auntie Dudu geskep is. Noem en verduidelik die verskillende stappe wat gebruik word om 'n werkswinkeldrama soos *Woza Albert!* te skep. Verwys na voorbeelde uit die drama. (12)

5.4



Die drama ondersoek die gruwels van die Paswetstelsel. Verduidelik hierdie stelsel in 'n paragraaf van ongeveer 15 reëls en sê wat die uitwerking daarvan op die lewens van miljoene swart mense gedurende die apartheids-era was.

(10)
[30]

VRAAG 6: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE TEATERGESELSKAP

Bestudeer die prent en die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.



[Foto: Jurgen Schadenberg]

(Benson Dyantyi, verslaggewer van *Drum*-tydskrif, loop vir oulaas deur Sophiatown nadat die stootskrapers inbeweeg het: Sophiatown lyk soos 'n gebombardeerde stad ...)

| | | |
|---------|--|----|
| Ruth: | What's going on, Jakes? | 1 |
| Mingus: | You're a bloody good-for-nothing! You whites, you're breaking down all our houses. | |
| Ruth: | I'm doing no such thing! | |
| Mingus: | Well, who's doing it? | 5 |
| Fahfee: | They came three days early, like tricksters, conmen. They're loading people onto trucks and nobody's doing a thing. It's pitiful – families everywhere. They went for the leaders. | |
| Mingus: | Ja, white girl – it's your fault! | |
| Ruth: | My fault? How can you say a bloody stupid thing like that? | 10 |
| Mingus: | What are you doing to stop them? | |
| Ruth: | What are you doing? Jakes, tell him to lay off. (<i>Ruth finds protection behind Jakes, Mingus moves in on her.</i>) | |
| Mingus: | Don't cry to Jakes, it's your fathers and uncles and brothers who are doing this to us. | 15 |

- 6.1 Die prent en die uittreksel belig die gedwonge verskuiwings en die finale afbreek van die eens lewendige Sophiatown. Bespreek die tema van gedwonge verskuiwings en die uitwerking daarvan op Mamariti, Fahfee en Charlie in 'n paragraaf van ongeveer 100 – 120 woorde. Verwys na voorbeelde uit die drama in geheel. (12)
- 6.2 Beskryf Mingus en Fahfee se reaksie op die gedwonge verskuiwings soos dit in die uittreksel belig word. (4)
- 6.3 Hoe sou jy gereageer het indien jy met geweld uit jou tuiste verwyder sou word? (2)
- 6.4 Bespreek of dit regverdig is dat Mingus vir Ruth (reël 9) en alle wit mense (reëls 2 – 3) vir die gedwonge verskuiwings blameer. Motiveer jou antwoord. (4)
- 6.5 Verduidelik en gee redes vir die keuse van die taal wat in die drama deur die Junction Avenue Teatergeselskap, die skeppers van *Sophiatown*, gebruik word. (3)
- 6.6 Jakes besluit om sy verhouding met Ruth te beëindig. Verduidelik hoe jy, as 'n tiener wat in post-apartheid Suid-Afrika leef, Jakes se besluit beskou. (5)

[30]

VRAAG 7: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

7.1 Siphó maak die volgende stelling teenoor Thando en Mandisa asof hy getuienis in 'n hof lewer:

Siphó: The truth, the whole truth and nothing but the truth, so help me God. That's what you've asked for.

7.1.1 Verduidelik waarom Siphó optree asof hy in 'n hof is wanneer hy hierdie stelling maak. (4)

7.1.2 Bespreek watter waarheid ('truth') hy aan Mandisa en Thando bekend maak. (4)

7.1.3 Waarom is die frase 'nothing but the truth' toepaslik as die titel van die drama? (2)

7.2 Lees die volgende uittreksels uit die drama waar die karakters elkeen verskillend reageer op die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK). Kyk dan na die spotprent op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg.

Thando: The truth does come out, and at least the family gets to know what happened.
Siphó: Their version of what happened.

Mandisa: That's all there is to it? No more. All is forgiven.
Thando: Mandisa, we had a choice. We could have gone for revenge ..., but how would that have made us different from them?
Mandisa: For what in return?
Thando: Peace, stability, reconciliation.

Thando: People from overseas always oversimplify our situation. We would never have achieved our democracy without all our people, black and white, coming together to overthrow apartheid.
Mandisa: Oh please! That's the attitude my father always talked about. "The generosity of the African people." I call it giving in too easily.
Siphó [who has been standing unnoticed at the living room door]: I call it African humanity! ... It's called African Humanity, ubuntu, not ... generosity.



Beskou die spotprent en die uittreksels hierbo en bespreek die volgende temas in die drama:

- Versoening
- Die verhouding tussen amnestie, waarheid en geregtigheid (10)

7.3 Jou skool voer *Nothing but the Truth* op. Dit is jou taak om raad te gee aan die aktrise wat die rol van Mandisa sal vertolk.

- 7.3.1 Watter teatergenre sou die geskikste vir 'n produksie van hierdie drama wees? (1)
- 7.3.2 Noem 'n toepaslike teaterpraktisyn wie se spelriglyne jy sou volg om die karakter van Mandisa te interpreteer en te vertolk. (1)
- 7.3.3 Gebaseer op jou antwoord op VRAAG 7.3.2, gee riglyne aan die aktrise om die rol van Mandisa oortuigend te vertolk. Jy mag voorbeelde uit die drama gebruik om jou voorstelle te motiveer. (8)
- [30]**

VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|--------|--|----|
| Johan: | I'm warning you, I'll – | 1 |
| Thami: | I know what you'll do. | |
| Johan: | Don't make me. | |
| Thami: | Don't make you what? Kill an unarmed man? Why not? That's what you can do. | 5 |
| Johan: | I didn't mean to – | |
| Thami: | But you did! You killed a man who couldn't protect himself. | |
| Johan: | I didn't know he was ... I thought ... I didn't know it was his finger. They used me. You <i>know</i> that. They lied. | |
| Thami: | They didn't lie. You killed Julius Thwalo. | 10 |
| Johan: | They lied about the way it happened. I didn't go there to kill somebody. | |
| Thami: | But you had a gun. What are guns for? | |
| Johan: | I was a policeman. They gave me one. It was my job. | |
| Thami: | Now you want me to be your partner. How can I be that? Every time I look at you I see that poor man, sleeping in his little shack. Him, his wife and his kids in one room. Next thing, someone banging on the door, someone shouting, torches shining through the window. He wakes up, heart is jumping out of his chest. His kids cry, his wife holds his arm. Then he understands what is happening, because he's heard about it from others. (<i>Advances towards Johan</i>) | 15 |
| | He has no weapons. He goes to the door. He opens the door. Torchlight in his eyes. Men's shadows with hats, and boots, voices shouting, smell of gun oil. Then he ... with all his strength of his rage, he lifts up his arm and points a finger – straight into your face. (<i>He points his finger furiously into Johan's face. Johan freezes, stares bewilderedly at the finger.</i>) | 20 |
| | What are you waiting for? (<i>Johan violently grabs Thami's finger, spins him around and locks his left arm across Thami's neck. With his right he holds the knife across Thami's throat.</i>) | 25 |
| | Do it! Slit my throat. | 30 |
| Johan: | Be careful! | |
| Thami: | Go on, do it! | |

- 8.1 Persoonlike mag is 'n belangrike tema in hierdie drama. Bespreek die rol van mag in die verhouding tussen Thami en Johan. (8)
- 8.2 Verwys na reëls 14 – 31.
- 8.2.1 Verduidelik gedurende watter tydperk in ons geskiedenis die gebeure wat hier beskryf word, moontlik sou afgespeel het. (4)
- 8.2.2 Bespreek hoe die gebeure wat deur Thami in reëls 14 – 31 beskryf word, Johan se geaardheid, gedrag en handeling beïnvloed het. (8)
- 8.3 Albei hierdie karakters is kompleks en hulle motiverings is gebaseer op ingewikkelde en strydende psigologiese drange. Verduidelik die proses wat jy sou volg om voor te berei om die rol van Thami OF Johan te vertolk. (10)
- [30]**

VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Ma en Tjokkie reageer verskillend op Giel se muurteks, *WAT IS 'N HUIS SONDER 'N VADER?* Wat kan die gehoor hieruit aflei oor die verhoudings tussen die volgende karakters?

- Tjokkie en Giel
- Ma en Giel

(6)

9.2 Elke karakter in *Siener in die Suburbs* praat op 'n kenmerkende manier. Lees die uittreksels hieronder en kies watter dialoog by die karakter pas. Skryf slegs die letter A – D langs die naam van die karakter neer, byvoorbeeld Giel: E.

9.2.1

| Naam van karakter | Dialoog |
|-------------------|--|
| Tiemie | A 'Wat vreet jou?', 'Hy gaan jou hel gee. Maar neuk op!', 'nou sit jy met die grootste tang ...', 'Jou kans weggefoeter ...', 'Vir wat moet hy die ding altyd so oprev ...', 'Jy's low class. Waar's jou pa? Jy's 'n tang!', 'Hy gaan sy bearings neuk', '... nog een van die bloedjies wat in hierdie plek moet vergaan', 'Hoe de duiwel moet ek 'n bosluis uit 'n hond se dinges loslieg?' |
| Tjokkie | B 'Hoe groter die ding, hoe vinniger slaat ons hom dood', 'Ek het haar opgehel', 'ek sal die bitchgeit uit jou uitfoeter', 'Net so skwirt dan's daai puisie uit', 'Dink jy my derms hoor dit nie?' |
| Jakes | C 'dwarsklappe en kleintjies: oudgebaar wees op dertig', 'maak my vrek ... ek't genoeg gehad van die hele boel ...', 'vasmaak aan hierdie nes', '... om daar te lê en kleintjies kry soos 'n varksog', 'ek's nie preggie nie, nè Ma?' D 'dat ons saam 'n tent opslaan', ' 'n reine liefde', ' 'n mooie gedagte', 'die vaders des huises', 'Dis my kuns, verdomp!', 'Ek honour my bekkings, skuld of nie skuld nie.' |


(3)

9.2.2 Beskryf die volgende karakters na aanleiding van hulle dialoog wat kenmerkend is van hulle persoonlikhede en sosio-ekonomiese agtergrond.

- Tiemie
- Tjokkie
- Jakes

(3 x 5) (15)

9.3. Bestudeer die skets hieronder.



Sou jy sê dat hierdie verhoog tipe geskik is vir 'n opvoering van *Siener in die Suburbs*? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

9.4 Noem TWEE rekwisiete wat deur Ma en Tiemie hanteer word en bespreek die simboliese waarde van elkeen. (EEN rekwisiet per karakter)

(4)
[30]

VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET

- 10.1 Dramatiese spanning in *Mis* word geskep deur die konflik wat ontstaan uit die tema van bevryding en beswering.
- 10.1.1 Bespreek hierdie tema kortliks (4)
- 10.1.2 Dink jy dat 'n hedendaagse gehoor met hierdie tema kan identifiseer? Motiveer jou antwoord kortliks. (3)
- 10.2 Bevryding vir die karakters geskied deur middel van transformasie. Bespreek die transformasie wat elk van die volgende karakters ondergaan:
- 10.2.1 Konstabel
- 10.2.2 Gabriël
- 10.2.3 Gertie
- 10.2.4 Meisie (4 x 3) (12)
- 10.3 Lees die uittreksel hieronder waar Konstabel die storie van die sonsverduistering vertel.

| | |
|--|--------------------|
| Konstabel: 'n Rukwind kom skielik op. Die luike klap. Die huis wieg en kraak. Ek word bang en soek my ma. My ma en pa sit op die stoep. Die wind waai haar hare deurmekaar. My ma en pa hou elk 'n skerf gerookte glas vas. 'Gaan kombuis toe en kry vir jou ook glas,' sê sy met 'n mond vol hare. Ek gaan kombuis toe. Ek dink miskien help die glas vir die wind. Tant Hannie gee vir my 'n lang, skerp stuk gerookte glas. 'Hou dit tussen jou duim en jou voorvinger vas,' sê sy. Sy gee vir my broer ook glas. 'Weet julle dan nie?' fluister sy en lag. 'Die sonsverduistering. Dis amper hier. Die gerookte glas is om deur te kyk. Anders is die son te skerp. As julle mooi kyk, sal julle sien ...,' sy skuif haar een hand met blink ringe oor haar ander hand, '... hoe die maan se skaduwee oor die die son gly.' Ons wou so naby aan die son kom as wat ons kon. Ons klim die perskeboom en gaan sit op die dak. Die wind ruk aan my. Ek skrik en my glas gly af en val oor die stoepdak. Toe – en sommer skielik – is als stil. Niks roer nie. Toe sê my broer: 'Kyk,' en hy loer met een oog deur die glas. Ek sê: 'Gee dit vir my,' maar hy wil nie. Toe maak ek my hande bak oor my oë en kyk op. Ek sien 'n happie skaduwee uit die son. En soos ek kyk en kyk, word die son al kleiner. Net donkerte en 'n sekelson. En toe is alles skielik swart. | 1 5 10 15 |
|--|--------------------|

- 10.3.1 Bespreek kortliks wat die simboliese betekenis van die sonsverduistering in die drama is. (3)
- 10.3.2 Watter raad sal jy aan 'n akteur gee om hierdie uittreksel van Konstabel te vertolk? Verwys na die volgende aspekte as riglyne vir jou bespreking:
- Die atmosfeer wat jy wil skep
 - Gebruik van die stem

(8)
[30]**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING
EN EVALUERING**

AFDELING C IS VERPLIGTEND.

VRAAG 11

Lees die gedig, *woorde*, deur Vincent Oliphant en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|----|
| my woorde het nie die krag om bese magte tot 'n val te bring nie my woorde kan bloot sing | 1 |
| my woorde is nie 'n dak om onder te skuil nie my woorde is swak | 5 |
| my woorde kan nie keer dat ons die kromme note haal nie my woorde is kaal | |
| glo tog my woorde het nie die byt van koeëls en grofgeskut nie nee | 10 |
| my woorde kan bloot bid en pleit en wens medeburgers van die lewe dat ons van grense sal vergeet en bloot mens sal wees en medemens | 15 |
| | 20 |

- 11.1 Verduidelik of jy hierdie gedig as 'n individuele vertolking of as 'n koorspraak (groep van stemme) sal aanbied. Motiveer jou antwoord deur te verwys na die gedig en die stemkwaliteite wat deur individuele stemme en 'n groep stemme geskep word. (7)
- 11.2 Verwys na reëls 10 – 20. Hoe sou jy jou stem gebruik om 'n prentjie in die gehoor se gedagtes te skep? Verwys na EEN stemtegniek (byvoorbeeld toonhoogte, volume, tempo, pouse, toonkleur of beklemtoning) in jou antwoord. (4)
- 11.3 Jou vriend/in is 'n gespanne spreker met 'n sagte stem wat dikwels uitasem raak tydens 'n opvoering. Beskryf EEN stemoefening wat jou vriend/in gereeld moet doen en verduidelik hoe dit sy/haar vertolking sal verbeter. (4)

[15]

VRAAG 12

Verwys na die drie bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

Legs on the Wall het ware betekenis aan die uitdrukking 'all the world's a stage' 1
gegee. Hulle verander teaters in ruimtes vir dapper (gewaagde) akrobatiese
opvoerings en wolkekrabbers (baie hoë geboue) in treffende vertikale verhoë.

Legs on the Wall skep indrukwekkende hedendaagse Australiese teater deur die
integrasie van akrobatiese toertjies, dans, lug- en sirkusvaardighede tot nuwe 5
raamwerke en teateravonture.

Legs on the Wall is bekend daarvoor dat hulle verrassende, ontroerende
Australiese teater skep deur van wolkekrabbers af te vlieg en dapper akrobatiese
en lugopvoerings in klein teateruimtes te doen.

Legs on the Wall bevorder die loopbane van sterk, fiks, talentvolle en kreatiewe 10
individue wat die ideale rolmodelle vir jong mense is.

Die maatskappy verskaf werkswinkels vir maatskappye waarin risikobestuur,
spanbou en kreatiewe denke deur akrobatiese aktiwiteite ontgin word.

[Vertaal en aangepas uit: *Australian Business Arts Foundation*]

BRON B

[Beeld: *Legs on the Wall* fisiese teatermaatskappy]

BRON C[Beeld: *Legs on the Wall* fisiese teatermaatskappy]

- 12.1 *Legs on the Wall* noem hulleself 'n fisiese teatergeselskap. Verduidelik wat jy onder die term *fisiese teater* verstaan. (4)
- 12.2 Jou dramaklas is uitgenooi om twee leerders na 'n werkswinkel van *Legs on the Wall* te stuur. Maak 'n lys van VIER eienskappe wat die leerders moet hê om aan so 'n werkswinkel te kan deelneem en verduidelik in besonderhede hoekom hierdie eienskappe nodig is. (12)
- 12.3 Verduidelik hoekom dit noodsaaklik is om jou liggaam voor 'n fisiese opvoering op te warm. Beskryf EEN toepaslike oefening. (8)
- 12.4 Bespreek of dit voordelig sou wees vir lede van jou skool en/of gemeenskap om deel te neem aan of om toeskouers te wees van hierdie moderne vorm van opvoering. (6)

(6)
[30]

VRAAG 13**Kies enige EEN van die volgende drie vrae.****13.1 LEWENDIGE/DIREKTE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

'Ek neem 'n leë ruimte en noem dit 'n kaal verhoog. 'n Man loop oor die leë ruimte terwyl iemand anders na hom kyk, en dit is al wat nodig is om teater te skep.' – Peter Brook

Skryf 'n paragraaf waarin jy die korrektheid (waarheid) van hierdie aanhaling evalueer. Fokus op die volgende:

- Stel
- Toneelspelstyl
- Kostuum
- Gehoor
- Teaterruimte

Verwys na jou ervaring van teateropvoerings.

(3 x 5)**[15]****OF****13.2 MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)**

'Jy kan in die teater amper per ongeluk 'n repetisie regkry; jy probeer dit weer, en dit gebeur nooit weer op dieselfde manier nie, en jy moet werk om dit weer te so te kry. As jy iets per ongeluk in film regkry, los jy dit net so. Dit is daar, jy weet nie hoe of hoekom nie, maar jy het die skoot, dit word gedruk en dit is briljant.' – Colin Firth (akteur)

Skryf 'n paragraaf waarin jy die korrektheid (waarheid) van hierdie akteur se mening evalueer. Ondersteun jou antwoord deur te verwys na jou ervaring van lewendige teater en voorafopgeneemde opvoerings (film, video, DVD, televisie of radio).

[15]**OF****13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

In inheemse seremonies is die ritueel van *mondigwording* mities van aard, episodies in struktuur en simbolies in betekenis.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die korrektheid (waarheid) van hierdie stelling evalueer. Ondersteun jou antwoord deur te verwys na jou ervaring van 'n inheemse seremonie en die gebruik van dramatiese/teatrale hulpmiddels.

[15]**TOTAAL AFDELING C: 60****GROOTTOTAAL: 150**